# GRAANOPBERGINGSOOREENKOMS

**OOREENKOMS AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:**

**SENWES BEPERK**
**REGISTRASIE NR:1997/005336/06**
1 CHAREL DE KLERK STRAAT
KLERKSDORP
**("Geregistreerde kantoor")**
(hierin later na verwys as "**die Operateur**")

en

die persoon/entiteit wie se besonderhede ingevoeg is op die elektroniese platform ten tye van aanvaarding van die terme en voorwaardes hierin uiteengesit

(hierin later na verwys as die **"Klant"**)

**AANGESIEN** die Klant graan en/of oliesade ("**die produk/produkte**") in die Graanopbergingsfasiliteite ("**Opbergingsfasiliteit**") van die Operateur wil opberg;

**EN AANGESIEN** die Operateur bereid is om opbergingsgeriewe vir sodanige produkte tesame met sekere gepaardgaande dienste in die Opbergingsfasiliteite aan die Klant beskikbaar te stel ("**die dienste**");

**NOU DERHALWE KOM DIE PARTYE SOOS VOLG OOREEN:**

**1.**

In hierdie ooreenkoms het die uitdrukkings hieronder uiteengesit die betekenis daaraan gekoppel, tensy spesifiek anders gestel word in die dokument:

1.1 "**Tariefdokument" –** die seisoenale Tariefdokument wat van tyd tot tyd deur die Operateur uitgegee word waarin die opbergingsopsies, tariewe, terme en voorwaardes vir 'n spesifieke seisoen met betrekking tot 'n spesifieke produk/produkte uiteengesit word. Die Tariefdokument mag ook addisionele:

- dienste en gepaardgaande koste aandui wat by van die Opbergingsfasiliteite aangebied word;

- terme en/of voorwaardes aandui wat van toepassing mag wees met betrekking tot ‘n spesifieke seisoen en/of produk; en/of
- administratiewe prosedures uiteensit.

1.2 “**Rentekoers**” - die rentekoers soos in ‘n spesifieke Tariefdokument uiteengesit word. Sodanige rentekoers sal van toepassing wees op alle produkte wat by ‘n Opbergingsfasiliteit gelewer word gedurende die tydperk waarvoor die Tariefdokument voorsiening maak, welke ook insluit Oordragvoorraad; en

1.3 **“Oordragvoorraad”** - enige produk wat reeds opgeberg word by ‘n Opbergingsfasiliteit met aanvang van die seisoen (tydperk) soos in die Tariefdokument aangedui en welke Tariefdokument verband hou met die tipe produk reeds opgeberg.

**2.**

2.1 Hierdie ooreenkoms neem ’n aanvang by die elektroniese aanvaarding daarvan deur die Klant en duur voort vir ’n onbepaalde periode en derhalwe vir veelvuldige produksiejare. Die ooreenkoms kan te eniger tyd skriftelik (welke insluit elektroniese kommunikasie) deur enige van die partye gekanselleer word met een kalendermaand kennisgewing van kansellasie aan die ander party.

2.2 Sou die ooreenkoms gekanselleer word deur enige van die partye moet die Klant alle uitstaande Opbergingsfasiliteit kostes betaal asook die produkte onttrek vanuit die Opbergingsfasiliteit voor of op die dag waarop die ooreenkoms ten einde loop. Geen produk sal egter onttrek mag word voor alle kostes ten volle betaal is nie.

2.3 **Hierdie ooreenkoms word van tyd tot tyd aangevul met die Tariefdokumente. Die terme en voorwaardes uiteengesit in ‘n spesifieke Tariefdokument word met verwysing en aanvullend hierby geïnkorporeer, welke inkorporering duur vir die tydperk waarvoor die Tariefdokument toepassing vind**.

2.4 Onderhewig aan klousule 2.7 hieronder, indien daar enige botsing wees tussen die terme en voorwaardes van hierdie ooreenkoms en die van ‘n Tariefdokument, sal die bepalings van die Tariefdokument voorrang geniet.

2.5 Die Opbergingsfasiliteite word deur die Operateur beskikbaar gestel en deur die Klant gebruik ingevolge die terme en voorwaardes van hierdie ooreenkoms.

2.6 Waar enige Produk gestoor word ingevolge ‘n opbergingsertifikaat uitgereik deur die Johannesburgse Sekuriteite beurs se Landboukommoditeite Afdeling (bekend as

"SAFEX"), sal sodanige Produk gestoor word onderworpe aan:

- die relevante SAFEX opbergingsvereistes soos van tyd tot tyd deur die SAFEX uitgereik en soos van toepassing op die opbergingsfasiliteit operateur; en
- die SAFEX vereistes met betrekking tot 'n SAFEX geregistreerde opbergingsfasiliteit ("SAFEX vereistes").

2.7 Ondanks klousule 2.5 hierbo, sou daar enige botsing wees tussen bepalings van hierdie ooreenkoms en/of 'n Tarief dokument en die SAFEX vereistes sal die bepalings van die SAFEX vereistes voorrang geniet.

**3.**

3.1 Aangesien die plant- en oesseisoene van die verskeie produkte verskil, is die Klant verplig om die produkte wat gedurende 'n bepaalde produksieseisoen by 'n Opbergingsfasiliteit gelewer word vir opberging, weer uit die betrokke Opbergingsfasiliteit te onttrek teen nie later nie as die laaste datum van onttrekking, soos in die toepaslike Tariefdokument aangedui word ("laaste datum").

3.2 Indien die produk nie op die laaste datum van onttrekking verwyder word nie, sal die Operateur geregtig wees om vanaf die dag na die laaste onttrekkingsdatum die dan geldende dagopbergingstarief te hef op sodanige Oordragvoorraad tot op die datum van volle onttrekking daarvan.

**4.**

4.1 Die massa van 'n produk word bepaal deur die verskil tussen die gelewerde voginhoud en die Tariefdokument voorgeskrewe voginhoudsbasis van elke produk (soos van tyd tot tyd gepubliseer), af te trek van die bruto gelewerde massa van die produk (die "aansuiwering"). Die formule vir die berekening van die aansuiwering is as volg:

$$\text{Bruto Massa} \times \frac{100 - \text{Werklike voginhoud}}{100 - \text{Tariefdokument voorgeskrewe voginhoud van spesifieke produk.}}$$

(Sou die Tariefdokument voorgeskrewe voginhoud op enige stadium gewysig word, sal die nuut gewysigde voorgeskrewe voginhoud gebruik word vanaf datum waarop die Tariefdokument gewysigde voginhoud in werking tree)

4.2 Die Operateur mag, in sy uitsluitlike diskresie, produk ontvang waarvan die voginhoud hoër is as die Tariefdokument voorgeskrewe voginhoud by Opbergingsfasiliteite waar drogingsfasiliteite beskikbaar is om sodanige produk te droog tot by die Tariefdokument voorgeskrewe voginhoud. Sou die Operateur sy diskresie in die verband uitoefen, sal die besonderhede van sodanige ontvangstes, asook die Opbergingsfasiliteite waar dit toegepas sal word, in die relevante Tariefdokument gepubliseer word.

4.3 Aangesien die Klant 'n produk lewer op 'n skoongemaakte basis, sal die Operateur verdere aftrekkings doen van die bruto massa soos in die relevante Tariefdokument uiteengesit word. Die aftrekkings maak onder ander voorsiening vir aftrekkings van vreemde stowwe, giftige sade, sifsels, ensovoorts. Die aftrekkings sal gedoen word van die gelewerde produk nadat die voginhoudmassa-aanpassing (soos hierbo uiteengesit), gedoen is, ten einde die netto massa te bepaal wat uiteindelik weer deur die Klant onttrek mag word.

4.4 Sifsels word bepaal deur die gebruik van statutêr voorgeskrewe siwwe.

4.5 Die resultaat van die aftrekkings gemeld in klousules 4.1 en 4.3 is die netto massa van die produk wat ontvang word.

4.6 Alle produkte wat by die Operateur gelewer word, moet voldoen aan die graderingsregulasies met betrekking tot ‘n spesifieke produk soos van tyd tot tyd deur die Departement van Landbou gepubliseer word. Besonderhede van die graderingsregulasies sal by die Opbergingsfasiliteit beskikbaar wees. **Die Klant onderneem om homself/haarself voor datum van elke lewering te vergewis van die bepalings daarvan. Deur produk te lewer by ‘n Opbergingsfasiliteit, waarborg die Klant dat hy/sy die graderingsregulasies gelees het en begryp**.

4.7 Die Operateur sal aan die hand van die graderingsregulasies by ontvangs van 'n produk die graad daarvan vasstel en aanteken. Die graadvasstelling van die produk deur die Operateur is finaal en bindend. Sou die Klant nie met die gradering saamstem nie, moet die produk nie afgelaai word vir opberging by ‘n Opbergingsfasiliteit nie. Sodra die produk afgelaai word, word aanvaar dat die Klant saamstem met die gradering van die produk soos deur die Operateur vasgestel.

4.8 Die Klant kan nie aanspraak maak op teruglewering aan hom/haar van meer as die netto massa van 'n produk gelewer nie, of van 'n gradering beter as dié soos deur die Operateur aangeteken ooreenkomstig die bepalings hiervan nie

(onderhewig aan klousule 4.9).

4.9 In die geval van koring word die gradering en graderingsafwykings ingevolge die toepaslike Tariefdokument hanteer.

4.10 'n Produk verloor sy identiteit sodra dit opgeberg word met soortgelyke produk (vermenging. Derhalwe sal die Operateur net verplig wees om 'n produk te lewer soortgelyk aan dit wat deur die Klant gelewer is.

4.11 In geval 'n dispuut sou ontstaan tussen die partye betreffende die bepaling van die netto massa of gradering van 'n produk waarvan die Klant beweer hy geregtig is op teruglewering, sal 'n sertifikaat onderteken deur 'n beampte aangewys deur die Operateur (wie se status en aanstelling nie bewys hoef te word nie), dien as *prima facie* bewys van die netto massa en/of die gradering van die produk. Die sertifikaat mag gebruik word vir doeleindes van enige hofgeding, aansoek en/of arbitrasie (of soortgelyke prosesse) tussen die partye, en rus daar 'n onus op die Klant om te bewys dat enige besonderhede vervat in sodanige sertifikaat, foutief is.

4.12 Die Klant is verplig om die produk weer te onttrek by daardie Opbergingsfasiliteit waar hy/sy dit aanvanklik gelewer het, alternatiewelik by 'n Opbergingsfasiliteit aangewys deur die Operateur indien die Partye skriftelik toegestem het tot ‘n alternatiewe Opbergingsfasiliteit waar lewering sal plaasvind.

4.13 Niks hierin vervat sal vertolk word as dat die Operateur verplig sal wees om alle of enige produkte aangebied deur die Klant vir opberging te aanvaar nie. Die aanvaarding van produk vir opberging sal te alle tye berus by die Operateur wat sy diskresie mag uitoefen aan die hand van onder andere, sy eie behoeftes, die beskikbaarheid van spasie of die funksionaliteit al dan nie van bepaalde Opbergingsfasiliteite en die kwaliteit van die Produk deur die Klant aangebied word vir opberging.

**5.**

5.1 Die Operateur sal die produk verseker teen risiko’s vir die waarde daarvan van tyd-tot-tyd in sy uitsluitlike diskresie bepaal (“die versekerde waarde”). Besonderhede in verband met die betrokke versekering sal op aanvraag aan die Klant beskikbaar gestel word.

5.2 Indien dit sou gebeur dat die Operateur nie:

(i) in staat mag wees om die produk of enige gedeelte daarvan aan die Klant terug te lewer omrede dit tot niet gegaan het, beskadig is of bakteries of andersins besmet geraak het (sodat dit deels of geheel en al ongeskik geword het vir menslike en/of

dierlike gebruik), of weens enige ander rede hoegenaamd, of

(ii) indien die produk wat beskadig of besmet is soos hierbo bedoel, wel deur die Operateur aan die Klant teruggelewer kan word, sal die Operateur nie aanspreeklik wees vir enige gevolgskade wat die Klant mag ly voortspruitend uit die onvermoë om terug te lewer of uit die teruglewering van beskadigde of besmette produk nie.

5.3 Onder die omstandighede uiteengesit in die voorafgaande klousule, sal die Operateur verplig wees om aan die Klant skadevergoeding te betaal in 'n bedrag gelykstaande aan die versekerde waarde na verwys in 5.1 vir die vernietigde, beskadigde en/of besmette produk. Waar produk teruggelewer is ingevolge klousule 5.2(ii), sal die waarde daarvan in ag geneem word met betrekking tot enige bedrag wat aan die Klant betaalbaar is ingevolge hierdie klousule.

**6.**

6.1 Die Operateur sal in sy uitsluitlike diskresie, en van tyd tot tyd by wyse van ‘n produkspesifieke Tariefdokument, die tariewe bepaal waarteen sy dienste gelewer sal word, wat sal insluit die opbergings- en hanteringstariewe en waar van toepassing weeg-, skoonmaak-, drogings- en berokingstariewe (“**die tarief**”). Die Klant moet hom vergewis van die toepaslike tarief soos uiteengesit in die seisoenale Tariefdokument, asook die beskikbaarheid van bogemelde dienste per betrokke Opbergingsfasiliteit.

6.2 **Deur produk te lewer by ‘n Opbergingsfasiliteit waarborg die Klant dat hy/sy die toepaslike Tariefdokument/kontrak gelees, begryp en die terme en voorwaardes daarin uiteengesit, aanvaar het. Die** Klant onderneem verder om homself/haarself deurlopend op hoogte te hou van enige aanpassings in sodanige Tariefdokument soos wat dit van tyd tot tyd deur die Operateur vasgestel mag word.

6.3 Besonderhede van die tarief sal te alle tye by die Operateur se Geregistreerde kantoor en alle Opbergingsfasiliteite ter insae beskikbaar wees.

6.4 Die Klant onderneem en moet voor of op die laaste dag van elke kalendermaand betaling maak van alle tariefgelde wat deur hom/haar aan die Operateur verskuldig is ten opsigte van dienste gelewer gedurende die voorafgaande kalendermaand.

6.5 Indien die Klant die produk, of enige gedeelte daarvan, verkoop of lewering daarvan wil neem, moet alle uitstaande tariewe en heffingsgelde ten opsigte van die produk eers betaal word voor die produk onttrek mag word of na die Koper se naam oorgedra sal word.

6.6 Die Operateur sal nie verplig wees om produkte aan die Klant te lewer nie tensy die **voormelde** tarief en heffingsgelde ten aansien daarvan ten volle betaal is nie.

6.7 Tot tyd en wyl die Klant die tarief en heffingsgelde ten volle betaal het of vir solank hy gelde weens enige skuldoorsaak hoegenaamd aan die Operateur verskuldig is, sal die Operateur geregtig wees om in waarde voldoende tonnemaat produk terug te hou as pand vir alle gelde wat aan hom verskuldig is, wat ook insluit 'n geskatte bedrag ten opsigte van tariefgelde wat op die pandgoedere (produkte) verskuldig sal raak oor 'n verdere 12 (twaalf) maande periode, of tot tyd en wyl alle gelde gevorder is. Die pand is ook van toepassing op enige rente wat ingevolge die rentekoers betaalbaar is. Die Klant stem onvoorwaardelik toe tot voormelde pand ten gunste van die Operateur.

6.8 Die waarde van die tonnemaat produk wat ingevolge die voormelde pand gehou word, sal bepaal word aan die hand van die gemiddelde produkprys soos van toepassing op SAFEX, op die dag waarop die onttrekking van die produk sou plaasvind.

6.9 Rente is betaalbaar op alle agterstallige tariewe en/of heffingsgelde en sal bereken word vanaf die eerste dag wat volg op die datum waarop sodanige tarief en/of heffing betaalbaar geword het, en sal bereken word op daaglikse uitstaande tariewe en/of heffingsaldo’s. Rente word bereken teen die Rentekoers

**7.**

7.1 Teruglewering (onttrekking) van produk sal geskied op aanvraag en op die basis uiteengesit in die toepaslike Tariefdokument. Die risiko ten opsigte van gelewerde produkte sal na die Klant oorgaan onmiddellik by die loslating daarvan uit die Opbergingsfasiliteit.

7.2 Die verwydering van die gelewerde produk vanaf die perseel van die Opbergingsfasiliteit, hetsy deur die Klant self of deur die persoon/entiteit wat namens die Klant die produk ontvang, sal dien as bevestiging en erkenning van die gelewerde produk se massa en kwaliteit soos deur die Operateur bepaal.

**8**.

8.1 Die Klant kies en benoem sy adres soos aangedui op die Operateur se elektroniese platform waarop die Klant hierdie ooreenkoms aanvaar het om te dien as sy/haar *domicilium citandi et executandi* waar alle kennisgewings en regsprosesstukke vir alle doeleindes wat hiermee verband hou, afgelewer en/of beteken mag word. Alle kennisgewings ingevolge of voortvloeiend uit hierdie ooreenkoms moet op skrif wees en op die ander party beteken word. Enige dokument of kennisgewing word geag deur 'n Party hiertoe ontvang te gewees het, indien dit:

8.1.1 per hand afgelewer is, op die datum van aflewering.

8.1.2 Indien per epos, een dag na versending, met dien verstande dat enige dokument of kennisgewing wat werklik ontvang word, voldoende sal wees vir doeleindes van hierdie klousule 8

**9.**

9.1 Hierdie ooreenkoms boekstaaf die gehele ooreenkoms tussen die partye.

9.2 Geen wysiging, ooreengekome kansellasie, herinstelling of vervanging van hierdie ooreenkoms of van enige voorwaarde of term wat hierin vervat is; of van 'n verhandelbare dokument of ander dokumente uitgereik of uitgevoer in terme van hierdie ooreenkoms; geen skikking van enige dispuut wat voortvloei uit hierdie ooreenkoms en geen uitstel, afstanddoening, verslapping of opskorting; of enige ooreenkoms om nie die ooreenkoms af te dwing nie; of om dit oor te hou of op te skort, sal bindend wees tensy dit op skrif gestel en deur ‘n bevoegde beampte van die Operateur onderteken is nie.

9.3 Geen uitstel, afstanddoening of verslapping van enige voorwaardes of term van hierdie ooreenkoms of enige ander ooreenkoms, verhandelbare dokument of ander dokument uitgereik of uitgevoer ingevolge hierdie ooreenkoms, sal dien as 'n estoppel teenoor die ander party in terme van sy regte ingevolge hierdie ooreenkoms nie, en dit sal verder nie die ander party verhoed om sy regte ingevolge hierdie ooreenkoms uit te oefen nie. Enige sodanige uitstel, afstanddoening, verslapping of opskorting sal van toepassing wees slegs ten opsigte van die spesifieke onderwerp waaroor sodanige reëling getref is.

9.4 Geen party sal gebonde wees aan enige uitdruklike of stilswyende term, voorstelling, waarborg, belofte of iets soortgelyks wat nie hierin vervat is nie, ongeag of dit aanleiding gegee het tot die sluiting van die kontrak, en ongeag of dit nalatig was, (tot die mate wat die reg dit mag toelaat).

**10.**

10.1 'n Sertifikaat onderteken deur 'n beampte aangewys deur die Operateur (wie se aanstelling nie nodig sal wees om te bewys nie) welke sertifikaat die bedrae aantoon wat deur die Klant betaalbaar is aan die Operateur, sal prima facie bewys daarstel van sodanige bedrae. Sodanige Sertifikaat sal ook geag wees ‘n likiede dokument te wees en mag in enige verrigtinge (insluitend maar nie beperk tot) voorlopige vonnis en summiere vonnis, gebruik word. Die beampte wat sodanige Sertifikaat onderteken se aanstelling en kapasiteit hoef nie bewys te word nie.

**11.**

11.1 Die Klant sal aanspreeklik wees vir alle koste aangegaan deur die Operateur in verband met die invordering van enige koste verskuldig deur die Klant ingevolge hierdie ooreenkoms, soos saamgelees met die toepaslike Tariefdokument (welke koste insluit rente, invorderingskommissie, en prokureur- en kliëntkoste), welke koste aangegaan is voor of gedurende die instel van enige regstappe, insluitende enige appèlle en hersienings, of indien vonnis toegestaan is, in verband met die afdwinging van, of betaling van sodanige vonnis.

**12.**

12.1 Die Klant mag nie enige van sy/haar regte hierin vervat sedeer, oordra of op enige ander wyse toewys aan 'n ander party, tensy die Operateur vooraf skriftelik daartoe toegestem het nie. Die Operateur is geregtig om sy regte en verpligtinge hierin vervat te sedeer en/of oor te dra.

12.2 Die Operateur sal nie verantwoordelik wees vir enige skade wat mag ontstaan as gevolg van faktore wat buite die beheer van die Operateur val nie welke insluit, maar nie beperk is nie, tot elektrisiteitsonderbrekings, onlus, stakings, infrastruktuurverval, staatsoptrede, ensovoorts.

**13.**

**AANVAARDING EN BEVESTIGING**

Deur hierdie ooreenkoms te onderteken, aanvaar en bevestig die Klant hiermee dat hy ten volle bewus is van die regte en terme van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet Nr. 4 van 2013 ("die Wet").

Die Partye bevestig dat hulle bewus is van die bepalings en definisies van die Wet en dat hulle te alle tye sal voldoen aan die Regulasies van die Wet en dat die Operateur slegs persoonlike inligting op 'n wettige wyse sal verkry, gebruik, prosesseer en bewaar en slegs tot die mate wat vereis word om hul verpligtinge in terme van hierdie ooreenkoms na te kom.

Die Klant willig ook in tot die volgende:

**13.1 Gebruik van Persoonlike Inligting**

13.1.1 Waar persoonlike inligting met betrekking tot minderjariges verskaf word, bevestig die Klant dat hy, as wettige voog van sodanige minderjarige, die nodige toestemming verleen dat die minderjarige se Persoonlike Inligting geprosesseer mag word. Waar die Klant nie die wettige voog van die

minderjarige is nie, bevestig hy dat die wettige voog van die minderjarige toegestem het daartoe dat die Klant die minderjarige se Persoonlike Inligting aan die Operateur mag voorsien, sowel as tot die Operateur se prosessering van sodanige persoonlike inligting.

**13.2 Akkuraatheid van Inligting en Onus**

13.2.1 Die Wet vereis dat alle Persoonlike Inligting en verwante besonderhede wat voorsien word, volledig, akkuraat en intyds moet wees, nie misleidend moet wees nie en volledig in alle opsigte moet wees.

13.2.2 Alhoewel die Operateur altyd sal poog om te verseker dat die Klant se Persoonlike Inligting betroubaar is, bly dit die verantwoordelikheid van die Klant om die Operateur in kennis te stel van enige wysigings daartoe. Die Klant onderneem derhalwe om die inligting op te dateer, soos en wanneer nodig, ten einde die akkuraatheid van die inligting te verseker. By versuim daarvan sal die Operateur nie aanspreeklik wees vir enige onakkuraathede nie.

**13.3 Deel van Inligting**

13.3.1 Persoonlike inligting sal voorsien word aan werknemers wat die besonderhede benodig vir die uitvoering van hul pligte binne die maatskappy van die Operateur. Alle werknemers wat toegang het tot Persoonlike Inligting, is bewus van die sensitiewe aard daarvan.

13.3.2 Die Klant stem in tot die blootlegging van sy Persoonlike Inligting deur die Operateur:

13.3.2.1 Waar sodanige blootlegging wetlik vereis word, ter nakoming van 'n plig teenoor die publiek om dit bloot te lê en/of benodig word om die belange van die Operateur te bevorder;

13.3.2.2 Aan derdeparty diensverskaffers;

13.3.2.3 Aan enige persoon wat die inligting benodig om die Operateur se regte of verpligtinge uit te voer of te beskerm;

13.3.3 Die Operateur die reg het om enige of al sy regte te sedeer of om enige of al sy verpligtinge wat uit hierdie ooreenkoms mag voortspruit, te delegeer vir, *inter alia*, die volgende doeleindes:

13.3.3.1 Om finansiering te bekom;

13.3.3.2 Met verkoop van die besigheid of 'n gedeelte daarvan; of

13.3.3.3 Om effek te gee aan die regte van die Operateur;

13.3.4 Die Operateur mag die Klant se persoonlike inligting openbaar maak buite die grense van Suid-Afrika, vir welke rede ookal as toepaslik beskou word deur die Operateur, met dien verstande dat die Operateur die Klant in kennis sal stel van sodanige openbaarmaking.

**13.4 Opberging, retensie en vernietiging van Inligting**

13.4.1 Alle Persoonlik Inligting wat aan die Operateur verskaf word, sal veilig bewaar en geberg word. Persoonlike Inligting kan elektronies geberg word en mag

derhalwe toeganklik wees vir ander maatskappye binne die Groep. Waar toepaslik, kan sekere inligting as harde kopieë bewaar word. Opberging sal egter sekuur wees in beide gevalle.

13.4.2 Waar data elektronies geberg word buite die grense van Suid-Afrika, word dit slegs gedoen in lande met soortgelyke privaatheidswetgewing of waar sodanige fasiliteite kontraktueel verbind word tot regulasies wat belyn met dié wat deur die Wet voorgeskryf word.

13.4.3 Die Operateur sal verseker dat alle stelsels en prosesse wat hy gebruik, te alle tye aan die minimum standaarde voldoen wat deur toepaslike wetgewing vereis word en van 'n standaard sal wees wat voldoen aan die Beste Bedryfspraktyke vir die beskerming, beheer en gebruik van Persoonlike Inligting.

13.4.4 Die Operateur sal toepaslike en redelike tegniese en organisatoriese stappe doen om die verlies van, skade aan of ongemagtigde vernietiging van Persoonlike inligting te voorkom, sowel as onregmatige toegang tot of prosessering van Persoonlike Inligting.

13.4.5 Sodra die Klant se Persoonlike Inligting nie meer benodig word nie, sal sodanige Persoonlike Inligting veilig in 'n argief bewaar word, ooreenkomstig die vereistes van toepaslike wetgewing. Die Persoonlike Inligting mag daarna permanent vernietig word.

**13.5 Reg om Beswaar aan te teken**

13.5.1 In terme van artikel 11(3) van die Wet, het die Klant die reg om beswaar aan te teken op die voorgeskrewe wyse teen die wyse waarop die Operateur sy Persoonlike Inligting prosesseer. By ontvangs van die beswaar, sal die Operateur enige verdere prosessering staak totdat die rede vir die beswaar opgelos is.

13.5.2 Die Klant bevestig dat sou hy weier om die toestemming en/of inligting te voorsien, die Operateur hom nie sal kan bystaan nie.

13.5.3 Sou die Klant weier om die nodige toestemming te verleen, sal die Operateur steeds die reg hê in terme van die Wet om persoonlike inligting te prosesseer sonder die toestemming van die Klant in enige van die volgende omstandighede:

13.5.3.1 Waar sodanige prosessering en gebruik noodsaaklik is ten einde effek te gee aan 'n kontraktuele verhouding wat tussen die Klant en die Operateur bestaan;

13.5.3.2 Waar sodanige prosessering vereis word in terme van die wet; of

13.5.3.3 Waar sodanige prosessering noodsaaklik is om die wetlike belange van die Operateur of 'n derde party te beskerm.

**13.6 Toegang tot Inligting**

In terme van artikel 23 van die Wet, sowel as artikel 50 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000, mag die Klant skriftelik versoek dat die Operateur hom voorsien van die besonderhede van sy Persoonlike Inligting waaroor die Operateur beskik en wat die Operateur met

sodanige persoonlike inligting gedoen het. Sodanige versoek moet gerig word aan die Operateur se Inligtingsbeampte, tesame met die Klant se bewys van identiteit. Die kontakbesonderhede van die Inligtingsbeampte is soos volg:

Inligtingsbeampte: Elmarie Joynt

| | |
|---|---|
| Fisiese adres: | Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570 |
| Posadres: | Posbus 31, Klerksdorp, 2570 |
| Telefoon: | 018 464b7104 |
| Epos: | Elmarie.joynt@senwes.co.za |

13.7 **Klagtes**

U is geregtig om enige klagtes aan die Inligtingsreguleerder te rig of aan die Inligtingsbeampte by die kontakbesonderhede soos hierbo verskaf.

13.8 **Verklaring van Ingeligte Toestemming**

13.8.1 Die Klant bevestig dat, deur die beskikbaarstelling van sy persoonlike inligting, die Operateur nie aanspreeklik is vir enige verlies, direk of indirek, wat uit sodanige inligting mag voortspruit nie.

13.8.2 Die Operateur sal nie aanspreeklik wees vir onakkurate inligting op sy stelsels as gevolg van die versuim van die Klant om sy persoonlike inligting op te dateer nie.

13.8.3 Die Klant bevestig dat hy die geleentheid gehad het om hierdie ooreenkoms te lees en dat hy die terme, voorwaardes en gevolge van sy toestemming deeglik begryp en verstaan.

13.8.4 Die Klant bevestig dat hy voldoende geleentheid gehad het om vrae oor hierdie ooreenkoms te vra en dat enige vrae tot sy bevrediging beantwoord is.

13.8.5 Die Klant aanvaar die terme van hierdie ooreenkoms vrywillig en sonder enige onbehoorlike beïnvloeding deur enige ander persoon.